

**26 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 1**  
**Fokusgedeelte: Spreuke 1:1-6**

### **Die wysheid wat God gee**

Vir drie weke gaan ons gedeeltes uit Spreuke lees, maar die oordenkings kom uit Spreuke 1 en 2. Spreuke 1:1-6 is die opskrif van en die inleiding tot Spreuke. Die spreuks word gerig aan eenvoudiges (vers 4), jongmense (vers 4), slim mense (vers 5) en verstandiges (vers 6); kortom: alle mense! Elke mens ontvang iets uit Spreuke. Spreuke rus jou toe met wysheid om te kan onderskei wanneer iemand verstandig praat of dwaasheid kwytraak (vers 2). Só sal jy behoorlike opvoeding ontvang (vers 3). Jy sal 'n sin verkry vir regverdigheid en goeie oordeel (vers 3) en 'n aanvoeling vir wat reg en billik is (vers 3). Jy leer om met ware kennis en oorleg op te tree (vers 4). Die Spreuke leer hoe jy die Here in die praktyk van die daaglikse lewe moet dien. Dié wysheid kom van God af en is bedoel vir jou alledaagse lewe. Dit is nie net afgestem op sekere uitgesoekte fasette van jou menswees nie, maar op alle aspekte van jou lewe. Daar sit praktiese lewenswysheid in Spreuke. Dit lê verskuil in die woorde, beelde, raaisels en uitsprake. Diepliggend sit dus waarhede wat oopgemaak en uitgehaal moet word sodat jy dit elke dag prakties tot eer van God kan gebruik in alles wat jy doen (Pred 12:13; 1 Kor 10:31; Kol 3:17; 1 Pet 4:11). Dit sal die mens baat om hierdie spreuks een vir een na te lees en te oordink. God sê iets daarin. Jy moet dit vind.

Sing: Psalm 119:59

Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)